KAMP
NAKUPHI

2026

27 Julie 2026

Beste Verkenner, ouer en belangstellende

Dit is vir ons ’n voorreg om weer Kamp Nakuphi tydens die komende skoolvakansie aan te bied. Ons sien uit na ’n week vol wateravontuur en vaardigheidsontwikkeling in ’n veilige en sorgsame omgewing waar jongmense kan groei.

Ons moet wel vanjaar eerlik met mekaar wees oor die kostes. Soos ons almal dit ervaar, het die dramatiese styging in die prys van kos en brandstof ons almal geraak. Dit raak die kamp ook: die kos wat ons voorberei, die vervoer na die kampterrein en die toerusting en uitgawes wat ons benodig om ’n veilige en sinvolle kamp aan te bied. Ons doen alles moontlik om kwaliteit te behou en kostes laag te hou, maar sommige uitgawes is buite ons beheer. Ek nooi u om kortliks te oorweeg wat dit sou kos om u kind vir ’n week so 'n ondervinding te gee sodat die waarde van die kampfooi in perspektief mag kom.

Ons kampfooi dek onder meer die volgende:

- 22 Gebalanseerde etes vir die week
- ’n Opvoedkundige kampprogram en wateraktiwiteite
- 'n Veilige kampterrein langs ’n varswaterdam
- Gekwalifiseerde mediese toesig en streng waterveiligheidsprosedures
- Opleiding en mentorskap deur ervare kenners
- Kampaandenkings soos 'n kursuspet en kampknopies

Wanneer ons hierdie kostes oorweeg is ons geneig om dit as 'n uitgawe te beskryf in ruil vir 'n lekker vakansieaktiwiteit vir ons kinders. Maar Kamp Nakuphi is soveel meer: dis 'n belegging in vaardighede, selfvertroue, ontwikkeling van verantwoordelikheid en herinneringe wat lewenslank duur. Ons doel is om meer as net 'n lekker kamp te bied!

Vanjaar loots ons ook 'n spesiale nuwe kursus vir senior Verkenners: die Advento-kursus. Advento is 'n Latynse term wat daarop dui om stap-vir-stap nader aan 'n punt te beweeg, met groot afwagting om dit te bereik. Hierdie gedagte is presies wat ons vir ons senior Verkenners wil bied: 'n avontuurkursus, enig in sy soort, wat as klimaks van hulle Nakuphi-Verkennerloopbaan dien. Hierdie is nie (nog) 'n Selfbehoudkursus nie: hierdie is 'n avontuurkursus waar Verkenners gemaklik leef en hulle watervaardighede verder verfyn. Tydens die kursus gaan Verkenners lekker eet, lekker leef en deelneem aan verskillende avontuuraktiwiteite. Ons nooi al ons Graad 11 en 12 Verkenners uit om hierdie unieke nuwe kursus te ervaar.

Indien u enige navrae het oor die inhoud van hierdie kampbrief of die kampfooi, of spesifieke reëlings wil tref, kontak ons asseblief.

Ek sien uit daarna om u kind by Kamp Nakuphi te verwelkom.

Vriendelike groete

**Jaco van der Walt**

072 312 7722 | jaco@vanderwalt.email

*Kampleier*

## Kampinligting

| | |
|---|---|
| ***Tydperk*** | Saterdag, 26 September 2026 om 12:00 tot Saterdag, 3 Oktober 2026 om 11:00 |
| ***Plek*** | *Forest Sailing Club*<br>Da Gama-dam — tussen Witrivier en Hazyview, Mpumalanga |
| ***Verblyf*** | Tente word vir Graad 8's (Varswaterkunde) en Graad 9's (Roeikunde) verskaf om in te slaap<br>Ander Verkenners en volwassenes: Eie tente |
| ***Vervoer*** | Busvervoer is vanaf Pretoria beskikbaar teen 'n addisionele R960 by die inskrywingsfooi (retoer) |

## Busdiens

| | |
|---|---|
| ***Vertrek*** | NG Kerk Lynnwood, Sussexlaan 439, Lynnwood, Pretoria<br>Saterdag, 26 September 2026 om 07:00 |
| ***Terug*** | NG Kerk Lynnwood, Sussexlaan 439, Lynnwood, Pretoria<br>Saterdag, 3 Oktober 2026 om ongeveer 17:00 |
| ***Busoperateur*** | *Grundling Busse* |
| ***Koste*** | Addisionele R960 by die inskrywingsfooi |
| ***Reisreëlings*** | Maak asseblief seker dat jy by die Kamp Nakuphi-offisier aanmeld, wat jou by die oplaaipunt sal ontmoet en jou naam afmerk.<br><br>Die bus sal halfpad stop vir 'n kort blaaskans. Daar sal geleentheid wees om 'n koeldrank of lekkers te koop, maar in belang van reistyd mag geen wegneemetes aangekoop word nie. Dit is dus 'n goeie idee om peuselgoed saam te bring. Middagete sal met aankoms op die kamp bedien word. |

*Die Nakuphi-busdiens is steeds die goedkoopste manier om die 720 km retoer tussen Pretoria en die Da Gama-dam aan te pak.*

## Kamphemp

Nakuphi bied vanjaar weer 'n opsionele kamphemp vir alle Nakuphi-kampgangers. Hierdie T-hemp is nie ingesluit in die kampfooi nie en kan vooraf bestel word teen R180 per hemp.

*As 'n manier om kostes te spaar, bied Kamp Nakuphi nie elke jaar 'n nuwe T-hemp nie. Die hemp wat vanjaar beskikbaar is, is dieselfde grys hemp wat in 2025 beskikbaar was. Indien jy reeds so 'n hemp het, is dit nie nodig om 'n nuwe een te koop nie.*



Die ontwerp van die kamphemp van 2025 en 2026

## Snoepie

Nakuphi het weer vanjaar 'n snoepie waar 'n paar items soos koeldrank, lekkers en sjokolade verkoop word tydens die kamp.

**Die snoepie aanvaar slegs kontant.**

## Verkennerkursusse

| Kursus | Skoolgraad | SO's verwerf | Kampfooi |
|---|---|---|---|
| ***Varswaterkunde*** | Graad 8 | Varswaterkunde<br>Waterveiligheid | R2500 |

*Varswaterkunde is die ideale plek om jou wateravontuur te begin. Hier leer Verkenners van die watersisteem en ekologie van die Da Gama-dam. Verkenners ondersoek verskeie diertjies en natuurverskynsels en spandeer meer as genoeg tyd in die water! Hierdie is nie 'n kursus vol skoolwerk nie! Ons het 'n praktiese benadering tot leer.*

| | | | |
|---|---|---|---|
| ***Roeikunde*** [1] | Graad 9 | Roeikunde<br>Touwerk<br>Waterveiligheid | R2550 |

*Die roeikundekursus is propvol pret en avontuur. Verkenners bou hulle eie vlot en leer hoe om met 'n verskeidenheid kajakke en kano's te roei. Die kursus sluit die touwerkspesialisasie in en Verkenners besoek verskeie gedeeltes van die Da Gama-dam.*

| | | | |
|---|---|---|---|
| ***Spyseniering*** | Graad 10 tot 12 | Spysenering<br>Waterveiligheid | R2000 |

*Die spysenieringkursus bied Verkenners die geleentheid om kennis te maak met die wêreld van voedselvoorbereiding. Verkenners leer verskeie kombuisvaardighede soos messlypmetodes, voedselverwerking en spyskaartbeplanning. Verkenners is hulpvaardig tydens die voorbereiding van die kamp se etes, maar het steeds genoeg geleentheid om self in die water af te koel.*

| | | | |
|---|---|---|---|
| ***Seilkuns*** [1] | Graad 10 tot 12 | Seilkuns<br>Seilvernuf<br>Waterveiligheid | R2550 |

*Nakuphi is passievol oor seil en ons is trots daarop om elke jaar Verkenners te lewer wat hierdie sport bemeester het. Verkenners voltooi die seilkuns- en seilvernufspesialisasies en kry die geleentheid om solovaarte met dubbel- en enkelrompseilbote te neem. Hierdie kursus is 'n hoogtepunt vir alle Verkenners!*

| | | | |
|---|---|---|---|
| ***Voëlidentifisering*** | Graad 10 tot 12 | Voëlidentifisering<br>Waterveiligheid | R2800 |

*Die Da Gama-dam bied die ideale omgewing om met 'n wye verskeidenheid voëls kontak te maak. Ons Voëlidentifiseringkursus poog om 'n liefde vir dié stokperdjie te ontwikkel – veral vir Verkenners wat verkies om hulle voete 'n bietjie droër te hou! Hierdie kursus sluit 'n uitstappie na die Nasionale Krugerwildtuin in.*

| | | | |
|---|---|---|---|
| ***Skubaduik*** [1 & 2] | Graad 11 en 12 | Skubaduik<br>Waterveiligheid | R2800 |

*Verkenners kry skubaopleiding tydens die kursus en kry die geleentheid om aan verskeie skubaoefeninge in die swembad en die dam deel te neem. Verkenners voltooi die NAUI "Inleiding tot Skubaduik" kwalifikasie en ontvang die betrokke digitale duikkaart na voltooiing van die kursus. Verkenners wat die Skubaduikkursus by Kamp Nakuphi voltooi kry voorkeur om in te skryf vir Skubaduik by Branders-seekamp.*

| | | | |
|---|---|---|---|
| ***Advento*** [1] | Graad 11 en 12 | Oewervernuf<br>Waterveiligheid | R2800 |

*Hierdie kursus is die klimaks van Verkenners se Verkennerloopbaan by Nakuphi. Hierdie is nie nog 'n Selfbehoud nie: Verkenners gaan deelneem aan 'n unieke avontuurervaring waar hulle uitslaap, lekker eet en aan verskillende wateraktiwiteite deelneem. Advento oorleef nie; hulle leef!*

*[1] Verkenners wat inskryf vir Roeikunde, Seilkuns, Skubaduik of Advento moet oor basiese swemvaardighede beskik, en moet gemaklik in die water kan beweeg.*
*[2] Geen Verkenners met asma of longkwale mag inskryf vir Skubaduik nie.*

## Volwassenes

| | | |
|---|---|---|
| ***Baanbrekers*** | Alle volwassenes wat Kamp Nakuphi vir die eerste keer as offisier bywoon, moet hierdie oriënteringskursus voltooi. Die Baanbrekerkursus sluit *waterwerkspesialisering* vir volwassenes in en bied 'n deeglike oorsig van die kamp en die verantwoordelikhede van volwassenes by Kamp Nakuphi. *Volwassenes wat diens doen by taakmag, kombuis, noodhulp of paddavisse is egter vrygestel van die kursus.* | R1800 |
| ***Offisiere*** | Staatmakers, offisiere en diensdoenende volwasse lede. | R1800 |
| ***Meelopers*** | Ouers en eggenote wat nie diens lewer tydens die kamp nie. | R2500 |

### *Spesiale talente*

Kamp Nakuphi benodig volwassenes met spesifieke bevoegdhede en vra vir hulp! Indien jy die kamp kan bystaan deur die volgende rolle te vervul, kontak asseblief die kampleier.

- Volwassenes wat handig is met **veselglaswerk** of algemene boot-herstelwerk.
- Volwassenes wat kan diens lewer in die kamp se **kombuis.**
- Volwassenes wat na die **Paddavissies** (voor- en laerskoolkinders van offisiere) kan omsien tydens die kampprogram.

## Offisierevergadering

'n Offisierevergadering vir alle volwassenes wat Kamp Nakuphi 2026 bywoon vind plaas op **19 September 2026** in Pretoria.

'n Opsie om die vergadering aanlyn by te woon is ook beskikbaar.

Alle volwassenes word aangemoedig om hierdie geleentheid by te woon. Meer inligting sal volg.

## Penkoppe en Drawwertjies

| | | |
|---|---|---|
| ***Paddavissies*** | Voor- of laerskoolkinders<br>*Slegs voor- of laerskoolkinders van diensdoenende volwassenes word op Kamp Nakuphi toegelaat.* | R800 |

## Kampbenodighede

- ☐ **Geen bordesakke** is nodig nie — die kamp voorsien almal van eetgerei om higiëne te bevorder. Bring slegs jou eie koffie- en koeldrankbeker.
- ☐ Bring jou eie **koffie- en koeldrankbeker.**
- ☐ **Flits** of koplig met spaar batterye. Daar is geen krag op die kamp nie!
- ☐ Graad 8's (Varswaterkunde) en Graad 9's (Roeikunde): Tente word verskaf om in te slaap. Alle ander kursusgroepe en volwassenes: Bring jou eie **tent**.
- ☐ **Slaapsak**, kussing en kampmatrassie.
- ☐ **Lewensgordel** of lewensreddingsbaadjie.
- ☐ Volledige **aktiewe Voortrekkerdrag** met erkenningsbaadjie. (Donkerblou denimbroek met 'n blou of rooi Voortrekker gholfhemp en toe skoene of tekkies).
- ☐ Genoeg ou **klere** vir die kamp.
- ☐ **Swemklere**. Dogters: Volledige eenstuk swemklere. Seuns: Geen speedos nie!
- ☐ **Warm klere** (trui, sweetpak, baadjie). Dit word nog koel in die aande!
- ☐ **Reënjas.**
- ☐ Gemaklike **toe skoene** waarmee jy kan stap.
- ☐ **Waterskoene** *(Aqua Shoes/Aqua Booties)* is verpligtend vir alle kursusgroepe. Dié skoene kan aangekoop word by enige buitelug- of sportwinkel teen 'n billike prys.



- ☐ **Bybel.**
- ☐ **Toiletware.**
- ☐ **Sonbrandroom** en sonbril.
- ☐ **Waterbottel.**
- ☐ Enige spesiale **medisyne** met duidelike gebruiksaanwysings.
- ☐ Pen, potlood en notaboekie.
- ☐ 'n **Klein dagsak** vir algemene gebruik tydens jou kursus.
- ☐ **Snoepiegeld** (slegs kontant)

### *Varswaterkunde:*

*Tente word vir Graad 8's (Varswaterkunde) verskaf om in te slaap.*

- ☐ Opvoubare **visstok** en klein visvangtrommeltjie (vislyn, hoekies, sinkerkies, ens.).
- ☐ **Inkleurpotlode.**
- ☐ 'n Leë 2 liter plastiek **gaskoeldrankbottel.**

### *Roeikunde:*

*Tente word vir Graad 9's (Roeikunde) verskaf om in te slaap.*

- ☐ **Werkshandskoene** om te gebruik tydens touwerkoefeninge.

### *Seilkuns:*

- ☐ **Werkshandskoene** om te gebruik tydens die op- en afslaan van seilbote.

### *Spyseniering:*

- ☐ Gemaklike **toe skoene** waarmee jy in 'n kombuis kan werk. Geen plakkies in die kombuis nie!

### *Voëlidentifisering*

- ☐ **Vêrkyker** indien jy een besit.
- ☐ **Voëlboek** indien jy een besit.
- ☐ Indien jy of jou ouers lid is van die **SANParke Wild Card** program, bring asseblief jou Wild Card of 'n afskrif daarvan saam.

## Kampreëls

1. Niemand mag die kampterrein verlaat sonder die kampleier se toestemming nie. Enige spesiale reëlings moet vroegtydig met die kampbestuur uitgeklaar word.
2. Verkenners wat van busvervoer gebruik maak, word versoek om bedagsaam te pak en om onnodige toerusting by die huis te los. Jou kampstoel is die eerste item wat ons langs die pad afgooi!
3. Persone wat voor Saterdag, 26 September 2026 om 12:00 op die kamp wil aankom moet die kampleier vooraf in kennis stel. Die eerste ete wat die kombuis voorsien is ontbyt op Saterdag, 26 September 2026 vir persone wat gereël het om dan al op die kamp te wees.
4. Geen bederfbare kos mag saamgebring word vir gebruik na Saterdagoggend wanneer die kampkombuis amptelik oopmaak nie. Enige lekkergoed of peuselhappies moet asseblief in ’n geseëlde houer gebêre word.
5. Geen Verkenner mag klappers, vuurwerke, vuurhoutjies of aanstekers in sy/haar besit hê nie. Ons kamp in ’n bosbou-area wat baie vatbaar is vir veldbrande!
6. Geen Verkenner mag gewoontevormende middels (sigarette e-sigarette, tabakprodukte, *vapes*, drank, dwelms, hubbly-bubbly's ens.) in sy/haar besit hê of tydens die kamp gebruik nie. Indien sulke items by ’n Verkenner gevind word, sal die Verkenner en sy verbode middels huis toe gestuur word.
7. Geen radio's, musiekspelers, luidsprekers of elektroniese speletjies word toegelaat nie. Los jou *Bluetooth speaker* asseblief by die huis — ons verkies die roep van visarende bo jou sokkie-treffer.
8. Hommeltuie mag slegs met die kampleier se toestemming gebruik word.
9. Geen swepe word op die kampterrein toegelaat nie.
10. Geen troeteldiere word op die kampterrein toegelaat nie
11. Die gebruik van selfone tydens die kamp is op die Verkenner se eie risiko. Kamp Nakuphi sal geen verantwoordelikheid neem indien jou selfoon wegraak of as jy met jou selfoon in die dam spring nie. Ouers word aangemoedig om eerder met die kampleier of kampsekretaresse persoonlik te skakel indien nodig.
12. Verkenners moet swemklere saambring wat die nodige beskerming teen die son bied en waarvoor niemand gaan skaam kry nie. Almal gaan heeldag bedrywig wees in en om die water en die kans vir ernstige sonbrand is ’n realiteit. Geen bikinis, speedos of hemde sonder moue mag gedra word nie!
13. Daar is geen krag op die terrein nie en kragopwekkers word volgens ’n skedule aangeskakel om noodsaaklike toerusting beskikbaar te stel. Dus is daar geen kapasiteit of fasiliteite om jou selfoon of kamera te herlaai nie.
14. Alle Verkenners en Volwassenes moet die hele kampprogram ten volle bywoon. Persone wat laat by die kamp aansluit of vroeg wil onttrek, moet toestemming by die kampbestuur kry. Sulke aansoeke word op eie meriete geëvalueer om ontwrigting aan die kampprogram te vermy.
15. Alle persone wat Kamp Nakuphi bywoon onderwerp hulleself aan die gesag, gedragskode en reëls van bestuursliggame van Die Voortrekkers en aanvaar dat daar toepaslik volgens die bepalings van Die Voortrekkers se reglemente, insake dissiplinêre optrede, opgetree kan word indien hy/sy die beginsels daarvan of ander landswette oortree en aanvaar enige sodanige wettige optrede.

## Inskrywings

Alle inskrywings vir Kamp Nakuphi word aanlyn voltooi by **inskrywings.voortrekkers.co.za**

Inskrywings vir Nakuphi 2026 open Woensdag, 29 Julie 2026 om 19:00

Nakuphi se kursusse word streng beperk en inskrywings word aanvaar in die volgorde waarin dit ontvang word. Om teleurstelling te voorkom, maak dus seker dat jy so gou as moontlik inskryf vir die kursus van jou keuse.

Besonderhede vir betaling sal tydens die elektroniese inskrywingsproses gestuur word. Maak asseblief seker dat jou selfoonnommer en e-posadres korrek ingevul is tydens die proses.

Die sluitingsdatum vir inskrywings is **1 September 2026**. Alle kampfooie moet voor aanvangs van die kamp betaal wees. Indien jy vashaak en ’n spesiale reëling wil tref, kontak die kampbestuur asseblief so gou as moontlik.

Dit is ’n vereiste van Die Voortrekkers dat alle persone wat inskryf vir Kamp Nakuphi **ingeskrewe lede van Die Voortrekkers moet wees**. Jeuglede (Verkenners en Penkoppe en Drawwertjies) moet by ’n kommando ingeskryf wees. Volwassenes kan aansoek doen om as Jeugvriende te registreer (teen geen koste nie).

Geen terugbetaling van kampgelde sal na 1 September 2026 gemaak word nie en alle kampfooie word verbeur. Uitruilings sal wel oorweeg word.

## Kontakbesonderhede

Vir enige navrae, noodgeval of dringende boodskap tydens die kamp is die volgende nommers 24-uur per dag beskikbaar:

| | | | |
|---|---|---|---|
| ***Jaco van der Walt*** | *Kampleier* | *072 312 7722* | *jaco@vanderwalt.email* |
| ***Susan Conradie*** | *Kampsekretaresse* | *082 563 1207* | *susan@nakuphi.voortrekkers.co.za* |

***Ouers word vriendelik versoek om tydens die kamp direk met die kampbestuur te skakel indien ’n Verkenner enige probleme ervaar of indien daar ’n reëling getref moet word.*** *Dit is normaal vir Verkenners om huis toe te verlang en die kampbestuur wil graag weet indien ’n Verkenner ’n ekstra drukkie nodig het. Moet asseblief nie sonder die kampbestuur se kennis enige addisionele reëlings direk met ’n Verkenner of enige ander volwassenes op die kamp tref nie. Ons bestuurspan staan gereed om enige probleme so gou as moontlik op te los!*

HOU KOERS

***Kamp Nakuphi*** *is ’n trotse gebiedskamp van Die Voortrekkers onder beskerming van Leeuwenveld Voortrekkers.*